

Skriflesing: Jakobus 3:1-12

Tema: Die ~~pen~~-tong is magtiger as die die swaard

Dit is vandag die derde Sondag wat ons by die brief van Jakobus stilstaan. Ons fokusteks vir hierdie week is deel van 'n reeks soortgelyke vermanings in Jakobus. Ons lees in die volgende verse:

As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos. (Jakobus 1:26)

Moenie van mekaar kwaadpraat nie, broers. (Jakobus 4:11a)

Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpraterij is verkeerd. (Jakobus 4:16)

My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle “ja” sê, moet dit “ja” wees; as julle “nee” sê, moet dit “nee” wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie. (Jakobus 5:12)

Woorde het ongelooflike uitkringende mag wat positief of negatief kan wees. Woorde kan rigting gee of dit kan lewens laat ontspoor. Dit skep lewe of maak dood. Dit bou of dit breek.

Met kragtige prentjies skets Jakobus die mag van die tong:

Die tong is rigtinggewend.

'n Klein stang in 'n perd se bek stuur die hele dier. Groot skepe wat aangedryf word deur sterk winde, word deur 'n klein roer gestuur. So is die tong ook klein van formaat, maar soos 'n stang en 'n roer kan dit 'n mens se hele lewe in die regte rigting stuur. Dit kan ook ander mense se lewens in 'n positiewe rigting stuur.

Dink maar hoe woorde seer kan genees, mense kan motiveer en versoening kan bewerk.

Tydige woorde, wat goed gekies word, verskaf vir God vreugde. Gepaste woorde kan vriendskappe beskerm en laat groei, versoening met ander bewerk, motiveer en hoop gee.

Maar die omgekeerde is ook waar.

Die tong kan verwoestend wees.

'n Klein vlammetjie steek 'n groot vuur aan. Baie mense is al deur hulle eie tonge verwoes. Ons lees in Jakobus 3:6 in die Boodskap: “Jou tong is soos 'n vuur wat jou hele lewe laat uitbrand. En die ergste is dat dit die duiwel is wat die vuur in jou mond kom aansteek wat jou hele lewe kan vernietig.”

Ons tonge kan ook ander se lewens verwoes of verbrand tot as. Almal is al seergemaak met tonge en ons het al almal seergemaak met ons tonge, met woorde wat beledig, verneder en vol sarkasme is. Haastige woorde in woede kan verwoesting saai. Dit kan moeg en moedeloos maak. Dit kan vyandskap veroorsaak, opstand bewerkstellig en kwes en doodmaak. So 'n tong is 'n rustelose kwaad vol dodelike gif.

Die bose streef daarna om mag oor ons woorde te kry sodat ons woorde ons verhoudings kan vernietig. Woorde kan ons verhouding met onself, mekaar en met God verwoes.

Nog 'n gevaar waarteen Jakobus ons as kinders van die Here waarsku, is die **gesplete tong**. (Jakobus 3:9-12)

Met die gesplete tong loof ons die Here en vervloek mense wat na die beeld van God geskape is. Lof en vloek kom uit dieselfde mond. Dit kan tog nie. 'n Fontein kan nie vars en brak water lewer nie, of 'n vyeboom nie olywe dra en 'n druwestok nie vye nie.

Jakobus bevestig die boodskap wat ons ook op ander plekke in die Bybel kry. Ons kan nie God en die wêreld dien nie, nie met ons lewens nie en ook nie met ons tonge nie. Ons tonge moet konsekwent een boodskap dra.

Of ons getuig of ons skinder. Of ons loof of ons vloek. Of ons seën of ons verwens. Ons almal struikel struikel soms in wat ons sê, maar wanneer 'n gesplete tong 'n lewenswyse is en ons altwee bly doen, dan is ons nie 'n kind van die Here nie.

'n Mens kon wilde diere, voëls en visse tem. Maar geen mens kan die tong tem nie, dit is inderdaad 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif. So wat nou gemaak met ons onbeheerbare tonge?

Ons kan ons tonge net met God se hulp tem.

'n Stang of roer beheer tog nie ditself nie. 'n Vuur kan nie self aan die brand steek nie. Iemand is in beheer daarvan. Die duiwel wil in beheer wees. Kom ons plaas die Here in geloof in beheer van ons lewens. In Matteus 12:24 staan daar: "Wat die hart van vol is, loop mond van oor." 'n Verandering van ons tong begin by verandering van ons hart.

Laat toe dat Heilige Gees die stang, roer of vuur beheer en ons lewe en tong se rigting positief beïnvloed.

Die Heilige Gees is uitgestort in vuurtong. Die Heilige Gees maak ons tonge soos vuur. Nie vuur wat vernietig en doodmaak nie. Vuur wat warm maak en duisternis verdryf deur die Goeie Nuus van Jesus Christus oor te vertel.

"Garbage in, garbage out" Dit is die tweede ding waarvan ons moet bewus wees. Wanneer ons ons voed met gemorskos, met bv vuil taal van vriende en kollegas, fop- en negatiewe nuus ens. gaan dit by ons monde uitvloei.

En 'n derde belangrike ding lees ons in Jakobus 1:19: "My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.

Ons het 2 ore en 1 mond, ons moet hulle in dié verhouding gebruik. Luister 2 maal en praat een maal.

Die tong is magtiger as die swaard. Stel elke dag vir God, deur die Heilige Gees, in beheer van jou tong. Gee die roer, stang en vuur aan Hom oor.

Moenie jou kop volmaak met gemors nie, dit gaan in jou woorde hoorbaar word.

Luister voor jy praat.

En wanneer jy dan praat, sit 'n wag voor jou mond. Dink voor jy praat.

Amen